Communitas
Midrand Afrikaanse Akademie
Hoërskool

- **Fasiliteerder benodig vir Hoërskool Graad 7 tot 10 om so spoedig moontlik te begin.**
- **Moet verkieslik tale, wiskunde en wetenskappe kan fasiliteer.**
- **Dit is 'n vereiste om in Afrikaans en Engels te kan kommunikeer.**

Midrand Afrikaanse Akademie is 'n onafhanklike skool met 'n Christelike ethos. Ons oogmerk is om deur akademiese uitnemendheid en 'n gebalanseerde lewensruimte, kinders te begelei na 'n betekenisvolle lewe deur 'n verskil te maak in ons samelewing. Ons dien die hele gemeenskap vanaf 4 maande oue babas tot nou by graad 10. Ons skool is al ses jaar oud en ontwikkel tans in 'n Afrikaans- & Engelsmedium skool.

Ons Afrikaansmedium gedeelte begin vanjaar met 'n Hoërskool. Ons werk residensieel met **Breinlyn** waarmee ons ses leerders vanjaar sal begelei. Ons toekomsvisie is om tot 'n volledige Hoërskool te groei.

Ons sal graag dat die suksesvolle kandidaat onverwyld by ons begin.

Van 'n voornemende kandidaat vereis ons:

- om leerders te begelei om binne 'n Christelike etos te funksioneer
- 'n toepaslike kwalifikasie (graad / diploma / vordering in studie kan bewys)
- 'n passie en deernis vir leerders
- entoesiasme om deel van 'n span te wees
- om innoverend, kreatief en oorspronklik mee te werk aan die uitbou van ons skool
- deel te neem aan aktiwiteite soos vereis word
- om 'n geregistreerde onderwyser te wees

Rekenaargeletterheid en vorige ondervinding sal in jou guns tel.

Aansoeke, met 'n **Curriculum Vitae** en ten minste drie verwysings, te same met kontakbesonderhede, kan per epos gestuur word aan:-

erikjen@iafrica.com

gebruik die opskrif
"Fasiliteerder Hoërskool"

nie later as **die 17de Januarie 2019**

Moet beskikbaar wees vir **onderhoude vanaf 21 Januarie 2019**

Soli Deo Gloria